**Jan Steyn Preek 7 Februarie 2016. Veltog 2**

**Teks: Mattheus 5:4, 2 Korintiërs 7:8-12**

**Tema: Hoe kan jy geseënd wees terwyl jy treur?**

**Inleiding:**

Ons hou nie van pyn en van hartseer en van treur nie. Ons wil lyding en hartseer en pyn soveel ons kan liewer heeltemal vermy. Ons wil so vinnig as moontlik daaroor hardloop sodat ons net weer kan aangaan met ons lewens. Moenie die kinders na oupa se begrafnis toe neem nie, dit sal hulle net ontstel. Ons wil hulle nie aan die dood blootstel nie. Ons wil nie loop deur die vallei van die doodskaduwee nie- die ou vertaling van Psalm 23- ons wil deur hierdie vallei sprint! Moenie te lank treur oor jou egskeiding en jou huwelik wat verby is nie, begin so gou as moontlik weer date. Kry daardie slaappil wat jou darem snags van jou verlies laat vergeet. Ontvlug uit jou verlies of vermy dit. Dis menslike natuur om dit te soek wat lekker en vreugdevol is en om weg te beur van lyding en hartseer. Iemand skryf die lewe is eerder hierdie gejaag na gelag. In sekere godsdienstige kringe word selfs gevra: moet kinders van die Here nie maar altyd lag nie, moet dit nie altyd met hulle goed gaan nie? So asof iemand wat geestelik sterk is of liewer naby aan die Here leef nie behoort te huil nie.

Die Bybel lyk dit my praat anders oor hartseer en verlies. Dis seker een van die moeilikste verse in die hele Bybel wat ons vanoggend gelees het: Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Dit klink my of die Bybel eenvoudig hier aanneem dat ons almal eenvoudig een of ander tyd gaan treur en dat dit vir enige kind van die Here nie vreemd hoef te wees nie. En of die Bybel ons wil leer dat ons nie van ons pyn en hartseer moet weghardloop nie.

**Watter soort treur praat die Bybel van?**

**Eerstens is daar die alledaagse of gewone treur wat deel van ons lewens elke dag is**. **Dit kry jy eenvoudig by alle mense- of hulle glo of nie.** Dood en verlies is deel van ons almal se lewens. My ma of my pa sterf, my kind se beste maatjie verhuis Gauteng toe. Ek word

gediagnoseer met kanker. Ek verloor my werk. Het jy al gesien hoe ´n tiener kan treur as hulle selfoon wegraak of iets oorkom?

**Die tweede soort treur is geestelike treur.** Dis waaroor Paulus in 2 Kor. 7 geskryf het**: Droefheid of treur volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei.** Ons sien dit by Petrus: Toe hy Jesus die derde keer verloën het die haan gekraai en hy het Jesus se woorde onthou dat hy Hom sou verraai na die haan drie maal gekraai het. Petrus lees ons het buitekant toe gegaan en bitterlik gehuil of getreur. Sy trane of treur was van opregte berou en dit het hom die leier wat hy was in die vroeë kerk gemaak. Geestelik treur kry jy net by kinders van die Here. Dis veral hierdie soort treur wat Mattheus 5 by ons wil aanmoedig. Hierdie treur is baie keer oor die werk wat sonde nog in my eie lewe doen en dat ek dit toelaat. Dis die treur oor die eie-ek wat so maklik in my opstaan en eenvoudig mense en verhoudings om my groot skade aandoen. Dis treur omdat ek so sukkel om tot God se eer te leef. Dis natuurlik ook treur oor die stukkende toestand van die wêreld om my. Om te treur oor die onreg en nood wat my omring. Die Bybel leer ons tog om bly te wees saam met hulle wat bly is en treur saam met hulle wat treur. In hierdie soort treur staan die Here sentraal. Dit gaan hieroor dat ek deur die treur myself raaksien soos wat ek is, maar ook sien soos wat God my sien, dat ek ander mense sien soos wat God hulle sien en die wêreld sien soos wat God dit sien. Dis hierdie heilige hartseer deur God se Gees aangebring wat ons laat treur soos wat God self treur oor die stukkendheid van ons eie lewe, van mense om ons se lewens en die stukkendheid van die wêreld wat ons omring. Hierdie soort treur maak ons lewens oop vir die grenslose nood van die wêreld om ons. Dit maak ook ons lewens oop vir die Heilige Gees.

**Die derde soort treur is die sondige soort treur. Dis waarvan Paulus in 2 Korintiers 7 praat daarvan as droefheid volgens wêreldse oorwegings wat die dood bring.** Dis nou as jy hierdie misstap by die skool of die werk gepleeg het of jou huweliksmaat verneuk het en jy word uitgevang. Nou is jy nie hartseer oor jy verkeerd gedoen het of oor jou sonde nie, jy is meer magteloos hartseer oor jy uitgevang is en oor jy nou die gevolge van jou dade moet dra. Enige kamtige droefheid of treur wat ander mense hierdie rat voor die oë draai of probeer manipuleer is hierdie sondige treur. Jy kan ook met hierdie sondige soort treur besig wees as jy God probeer manipuleer om vir jou sekere dinge te gee en Hy dit nie doen nie. Dan is jou treur magtelose woede teenoor God. Jou trane kan ook magtelose woede

teenoor ander mense wees wat jou te na gekom het of iets slegs aan jou gedoen het, maar hulle het net soveel mag dat jy nie kan wraak neem op hulle of hulle kan terugkry nie. Dan lei jou treur en trane tot net meer frustrasie en bitterheid. Sondige treur kan ook daardie trane van opstand teen jou ouers of die skool wees omdat jy nie toegelaat word om te maak soos wat jy wil nie. Sondige treur is daardie huil wat niks meer as selfbejammering is nie, daardie huil wat net bly vaskyk in jou eie pyn. By die sondige soort treur staan raai wie in die middelpunt? Ek self.

**Hoe kan dit gebeur dat mense wat treur en selfs baie diep treur salig of geseend kan wees?**

Dit kan gebeur **omdat hulle vertroos sal word**. Dit staan hier in die passief: Sal vertroos word. Dit beteken dat jy nie jouself gaan hoef te troos nie en maar jou eie trane moet afvee nie. Jy gaan vertroos word. Deur God. Dis wat die passief hier beteken. Ek gaan vertroos word. Dat God saam met my in my treur en my trane is.  In Psalm 34:19 leer die Ou Afrikaanse vertaling ons: Die Here is naby die wat gebroke van hart is en Hy verlos dié wat verslae is van gees. Daar is hierdie onverwagte skat of blessing in ons hartseer en ons treur- die troostende teenwoordigheid van die Here self.

Die tweede gedagte hoekom treurendes geseënd kan wees is **omdat dit waaroor ons treur ons na ons lewens laat kyk soos wat tye van voorspoed en feasting nie kan doen nie. Ek lees dit hierdie week: Sorrow can change you, with feasting you stay the same.** As ek treur en stukkend en hartseer is en op my kniee is, vra ek oor die rigting waarin my lewe gaan, wat my prioriteite is en daaruit vloei baie keer die veranderings wat ek moet aanbring om meer tot God se eer te kan lewe.

Ek het al daarna verwys: **Geestelike of bybelse treur gee my God se insig of hart vir myself, vir ander mense en vir die wêreld.** Dit vul my met omgee- die engelse woord compassion. So skryf iemand daaroor**: The more closely a Christian lives to God, the more he wil mourn over all that dishonours him.**

**Die vierde gedagte is dat as jy geestelik treur oor die toestand van jou eie lewe, ander mense se lewens en oor die stukkendheid van die wêreld, ek dit doen nie alleen in die**

**Here se troos nie, maar in Sy krag.** Dit laat my dink aan hierdie vers in die Bybel. Ons treur nie soos mense wat geen hoop het nie. Ons weet en glo God het nie net die hart om oor stukkende mense en die stukkende wêreld te huil nie, maar ook die krag om hierdie stukkende wêreld meer heel en beter en mooier te maak. En God gee ons Sy krag en Sy Gees sodat ek en jy nie net saam met Hom sal treur nie, maar ook in Sy krag en saam met Hom te gaan werk om die wereld om ons en mense se lewens te verander. As ons saam met God treur, sal ons ook saam met Hom trane afvee en troos en bou waar dit stukkend en gebreek is.

**Amen**

**Ons gaan vanoggend bietjie saam treur oor hoe stukkend ons deel van die wêreld lyk. Ons gaan vanoggend biddend treur oor die volgende:**

**Dana Snyman-storie oor water NG Kerk WInburg**

**Droogte wat diere laat sterf en boere en hul plaas werkers in desperate situasies plaas.**

**Droogte en tekort aan water wat die infrastruktuur van veral klein plattelandse dorpe vernietig.**

**Dat ons sal hoor wat die Here in hierdie tyd van skaarste en droogte vir ons uitskree. Ons treur omdat ons soms so doof vir SY stem is.**

**Dorpe wat nie drinkwater het nie- ook dat hierdie gevaar Malmesbury bedreig.**

**Ouers vir wysheid om kinders te lei en stuur deur moeilike en uitdagende tye met baie versoekings**

**Onderwysers wie se moed baie laag is en wat baie uitdagings in die gesig staar, byvoorbeeld groot klasse en beperkte middele.**

**Ons polisiediens wat onder permanente druk werk en net te min hande het en baie lede wat nie voldoende opgelei is nie. Ons treur oor hulle wat moedeloos en uitgebrand is.**

**Vir die komende plaaslike verkiesings. Dat Christen politici veral eerlik en met integriteit sal optree. Ons treur oor die vuilspel wat daar ook sal wees om politieke punte aan te teken.**

**Ons commit onsself om saam met die Here te bly treur vir ons land, maar om ook in Sy krag op te staan en te doen wat ons kan om daardie stukkie van hierdie land waarin ek bly en werk mooier en genadiger te maak.**